## 1 Agtergrond

Inyama Bpk ('Inyama') is een van die grootste produsente van verwerkte vleis in Suider-Afrika en word op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer. Die maatskappy se finansiële jaareinde is 31 Desember 2018 (FJ2018).

Inyama het ŉ hoofkantoor en ŉ vleisverwerkingsfabriek in Boksburg asook verkoop- en verspreidingsentrums dwarsoor Gauteng en in Kaapstad, Port Elizabeth en Durban.

Inyama besit ook ŉ huis in Ballito wat die maatskappy op 1 Oktober 2005 teen R2 500 000 aangekoop het. Die eiendom word deur ŉ verhuringsagent tot voordeel van Inyama bestuur en word teen R5 000 per dag op korttermynverhurings verhuur.

Inyama het drie uitvoerende bestuurspanlede:

| | |
|---|---|
| Hoof Uitvoerende Beampte | Donald Jantjes |
| Finansiële Direkteur | Carl Cronjé GR(SA) |
| Hoof van Gesondheid en Veiligheid | Chris Caine |

## 2 Werknemeraangeleenthede

Carl is besig om die maatskappy se finansiële jaarstate vir FJ2018 te finaliseer. Die onderstaande transaksies en gebeure hou verband met hierdie state.

### 2.1 Prestasie-aansporingplan

Inyama het op 1 Januarie 2018 ŉ werknemerprestasie-aansporingplan aangekondig om kwalifiserende werknemers te motiveer om hul korporatiewe teikens te bereik. Hierdie teikens sluit in om ŉ entiteit met ŉ inkomste van R500 miljoen te word terwyl aan die jongste internasionale gesondheid- en veiligheidstandaarde voldoen word en ŉ gespesifiseerde aandeleprys behaal word.

Kwalifiserende werknemers is werknemers wat 1 Januarie 2018 by Inyama werksaam was. Werknemers wat die maatskappy se diens voor die datums in die volgende paragrawe aangedui verlaat, verbeur hul deel van die bonuspoel, en daar is geen hertoewysing van daardie deel van die bonuspoel aan medewerknemers nie.

Die bepalings van die prestasie-aansporingplan is soos volg:

#### *2.2.1 Kontantaansporingskema ten opsigte van FJ2018*

ŉ Bonuspoel sal beskikbaar gestel word aan kwalifiserende werknemers en sal op 31 Maart 2019 in kontant betaalbaar wees op voorwaarde dat die werknemer op daardie datum steeds by Inyama werksaam is. ŉ Werknemer se individuele aandeel aan die bonuspoel word gebaseer op ŉ verhouding van sy/haar jaarlikse salaris tot die jaarlikse totale salarisuitgawe per die staat van wins en verlies vir die tydperk 1 Januarie 2018 tot 31 Desember 2018. Aangesien daar gedurende die jaar bewegings in die aantal werknemers is, word enige bonus wat nie toegewys word nie, nie tussen werknemers wat wel vir ŉ bonus kwalifiseer, hertoegewys nie.

Die grootte van die bonuspoel word soos volg vasgestel:

- 10% van die bedrag waarmee inkomste vir FJ2018 die begrote inkomste van R500 miljoen oortref, vermenigvuldig met die gesondheid- en veiligheidsfaktor.


© SAIGR 2019

- Die gesondheid- en veiligheidsfaktor is die persentasie skoon gesondheid- en veiligheidsoudits oor die totale aantal gesondheid- en veiligheidsoudits gedurende FJ2018.

### *2.2.2 Aandele-aansporingskema*

ŉ Totaal van 50 000 aandele-opsies word op 1 Januarie 2018, teen geen koste, aan kwalifiserende werknemers toegeken op die voorwaarde dat hulle op 30 Junie 2019 steeds by Inyama werksaam is. Elke opsie gee die kwalifiserende werknemer die reg om op 30 Junie 2019 Inyama-aandele teen R15 per aandeel te bekom. Die aantal aandele waarop die kwalifiserende werknemer vir elke opsie geregtig is, is afhanklik van Inyama se sluitingsaandeleprys op 30 Junie 2019.

Die aantal aandele word soos volg bepaal:

| Sluitingsaandeleprys van Inyama op 30 Junie 2019 | Getal Inyama-aandele ontvang per opsie uitgeoefen |
|---|---|
| Tussen R15 en R20 | 1 |
| Tussen R20 en R25 | 2 |
| Tussen R25 en R30 | 3 |
| Meer as R30 | 4 |

Inyama se sluitingsaandeleprys en die billike waarde per opsie was soos volg:

| Datum | Billike waarde per opsie | Sluitingsprys van Inyama-aandele |
|---|---|---|
| 1 Januarie 2018 | R23 | R15 |
| 31 Desember 2018 | R4 | R11 |

### *2.2.3 Bykomende inligting*

- Daar word verwag dat gemiddeld 1% van die werknemers wat op 1 Januarie 2018 op die betaalstaat is, die diens van Inyama elke maand sal verlaat. Van 1 Januarie 2018 tot 31 Desember 2018 het 13% van die werknemers op die 1 Januarie 2018-betaalstaat Inyama in werklikheid verlaat.
- Werklike inkomste vir FJ2018 het R550 miljoen beloop.
- Inyama was gedurende FJ2018 onderworpe aan sewe gesondheid- en veiligheids-inspeksies en twee van hierdie inspeksies het nie aan die internasionale gesondheid- en veiligheidstandaarde voldoen nie.
- Gedurende ŉ konferensie-oproep op 28 Desember 2018 tussen die senior bestuur van Inyama en ekwiteitsbelegging-analiste, het die analiste ŉ markkonsensus ses-maande voorspelling van 'n aandeleprysteiken van R14 vir Inyama aangedui.
- Carl het nog geen joernaalinskrywings ten opsigte van die twee skemas in die rekeningkundige rekords van Inyama verwerk nie.

## 2.2 Diensvoordele

As deel van hulle indiensnemingspakkette verleen Inyama toestemming aan elk van die drie lede van die uitvoerende bestuurspan die reg tot die gebruik van die Ballito-eiendom vir een week elke jaar vir persoonlike ontspanningsdoeleindes. Hierdie gebruik is gratis. Mnr Jantjes het gedurende Januarie 2018 van hierdie voordeel gebruik gemaak. Die marginale koste wat Inyama gedurende hierdie week aangegaan het, was onbeduidend.


© SAIGR 2019

## 3 Gesondheid en veiligheid

Die onderstaande e-pos is per ongeluk aan Carl Cronjé (cc2@inyama.co.za) in plaas van Chris Caine (cc1@inyama.co.za) gestuur. Die e-pos is ná die maatskappy se jaareinde, maar voor die finansiële state vir uitreiking goedgekeur is, gestuur.

---

**Van:** dj@inyama.co.za
**Aan:** cc2@inyama.co.za
**Datum:** 15 Januarie 2019
**Prioriteit:** Dringend
**Onderwerp:** Gesondheid en veiligheid

---

Goeiedag Chris

Alphonse (die hoof van gesondheidsinspeksies by die Departement van Gesondheid) het my so pas gebel oor die resultate van die toetse wat uitgevoer is deur die span internasionale gesondheidsdeskundiges wat ons fabrieke verlede week besoek het. Hulle het ongelukkig spore van die ST6-stam van die Listeria monositogene-bakterie in die voedselproduk-monsters van ons Boksburg-fabriek wat hulle getoets het, gevind.

Ek het op die internet gesoek en gesien listeriose is ŉ siekte veroorsaak deur infeksie wat meestal opgedoen word nadat besmette voedsel of vloeistowwe ingeneem is. Daar was 967 bevestigde gevalle en 183 sterftes weens listeriose sedert die siekte onlangs in Suid-Afrika uitgebreek het – maar tot op datum kon die oorsaak van hierdie uitbreek nie bevestig word nie.

Die netwerk tydens ons jaarlikse jaguitstappie het vrugte afgewerp, want Alphonse het aangedui dat hy bereid is om ons te help om hierdie saak stil te hou.

Bel my asseblief dringend om die kwessie te bespreek sodat ons met ŉ plan van aksie vorendag kan kom om dit stil te hou. Ek sal ook ons regspan kontak om dit te bespreek.

Groete.

Donald Jantjes
***HUB***
***Inyama Bpk***


© SAIGR 2019

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JUNIE 2019**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 2**

| **VRAESTEL 2 VRAAG 2 VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (a) | Bereken die personeeluitgawe vir die prestasie-aansporingplan in die rekeningkundige rekords van Inyama vir FJ2018. | 9 | 9 |
| (b) | Bespreek, met verwysing na die prestasie-aansporingplan –<br>(i) die normale belastingimplikasies vir Inyama vir die 2018 en 2019 jare van aanslag; en<br>(ii) die werknemerbelastingimplikasies vir die kwalifiserende werknemers met betrekking tot die kontantgedeelte van die prestasiebonus vir die 2018 jaar van aanslag. | 7<br><br>3 | 10 |
| (c) | Bespreek, met verwysing na aantekening 2.2, die uitwerking van die gratis akkommodasie op die belasbare inkomste van mnr Jantjes vir die 2018 jaar van aanslag. | 4 | 4 |
| (d) | Beskryf die stawingsprosedures wat die eksterne ouditeure op die kontantaansporingskema met betrekking tot die 2018 finansiële jaarstate van Inyama behoort uit te voer, met die aanname dat jy die prosedures op 4 April 2019 uitgevoer het.<br><br>• Neem aan dat jy kan vertrou op die syfers wat met die betaalstaat verband hou.<br>• Ignoreer belasting en uitgestelde belasting.<br><br>*Kommunikasievaardighede – toepaslike styl* | 9<br><br>*1* | 10 |
| (e) | Bespreek, met betrekking tot die e-pos ontvang deur mnr Cronjé, die stappe wat hy moet doen met verwysing na sy verantwoordelikhede as ŉ GR(SA).<br><br>*Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse* | 13<br><br>*1* | 14 |
| **Totaal vir vraag 2** | | | **47** |


© SAIGR 2019